

Is u 'n werkgewer? Hier is hoe die nuwe Nasionale Minimumloon Wetsontwerp u raak

Die Nasionale Minimumloon Wetsontwerp (hierna verwys as die Wetsontwerp) is op die 17de November 2017 in die Staatskoerant gepubliseer en is opgestel om die ongelikheid wat steeds bestaan in die Suid-Afrikaanse arbeidsmark, te help verminder.

Sommiges glo dat daar groot leemtes in die Wetsontwerp bestaan. Die Wetsontwerp het byvoorbeeld 'n nuwe definisie van die woord "werker". Dit blyk uit die definisie dat dit onafhanklike kontrakteurs en moontlik ook informele werkers uitsluit.

Wie is 'n werker?

Die woord "werker" lees nou "werknemer soos omskryf in artikel 1 van die Basiese Voorwaardes van Indiensneming Wet". Die Basiese Voorwaardes van Indiensneming Wet ("BVIW") sê dat die definisie van 'n werknemer "sluit 'n werker soos omskryf in die NML Wet in".



Dit skep 'n bisarre sirkelvormige definisie van 'n werker.

Selfs al is die Wetsontwerp in plek gestel om ekonomiese ontwikkeling en maatskaplike geregtigheid te bevorder, blyk dit ook die deur te open vir loonvermindering in 'n aantal sektore waar lone deur sektorale bepalings opgestel was. Daar is ook 'n aantal sleutelfaktore wat ontbreek van hierdie Wetsontwerp waarvan sommige 'n waarborg insluit dat dit met die koers van inflasie sal verhoog.

Die nasionale minimum loon voorgestel is R20 vir elke gewone uur gewerk en sal 'n termyn van die werknemer se dienskontrak uitmaak, behalwe as dit tot die punt kom dat die

werknemer se kontrak of 'n kollektiewe ooreenkoms voorsiening maak vir 'n loon wat meer gunstig is vir die werknemer.



Cover photo supplied by HORTGRO

58

February | Februarie 2018

Water:
Conservation & Management
Fruit producers open sluices
Drought challenges

Improving herd fertility

Burning chillies and dung stop elephants damaging crops

Fracking and earthquakes

Hydrogen could see off fossil fuels

Buy or sell your farm



AgriFarms

WESTERN CAPE

022 482 4752 | 073 143 9530 www.agrifarms.co.za | info@agrifarms.co.za

Lees gerus ons nuutste artikel op bladsy 64 van die Februarie uitgawe van die Agri Kultuur tydskrif

Klik hier

Die enigste uitsonderings op die R20 minimumloon geld vir plaaswerkers wie geregtig is op R18 per uur, huiswerkers wie geregtig is op R15 per uur en Uitgebreide Openbare Werke Programwerkers, wie op tot R11 per uur geregtig is.

Werkgewers word aangemoedig om hul werknemers se lone in lyn met die nasionale minimumloon te bring, ten einde aanspreeklikheid vir die betaling van boetes of rente te vermy.

Verder is sektorale bepalinge spesifiek ingestel om lone en spesiale voorwaardes vir indiensneming vir ongeorganiseerde sektore, insluitend - maar nie beperkend tot - kleinhandel, plase, huishoudelike werk, gasvryheid en sekuriteit. Sommige hiervan, soos uiteengesit deur die sektorale bepalinge, is hoër as die R20 per uur soos uiteengesit in die Nasionale Minimumloon Wetsontwerp.

Die vraag bly egter wat die uitwerking op werkers is. Beteken dit dat al die spesiale voorwaardes van indiensneming in hierdie sektorale bepalinge ook wegval en waar laat dit werknemers met bestaande dienskontrakte?

Van die Nasionale Minimumloon Wetsontwerp word gesê dat dit voorrang geniet bo enige dienskontrak, kollektiewe ooreenkomste of wet tensy die huidige dienskontrak gunstiger terme bevat.

Die genoemde Wetsontwerp sal in werking tree op 1 Mei 2018.

Werkgewers wat onseker is oor hoe hulle beïnvloed sal word deur die Nasionale Minimumloon Wetsontwerp en voorgestelde wysigings aan die Basiese voorwaardes vir indiensneming en die Wet op Arbeidsverhoudinge, moet oorweeg om die dienste van 'n regspraktisyn te bekom ten einde 'n dieper begrip te kry van wat hulle nodig het om in plek te stel ten einde 'n veranderde regulatoriese landskap te akkommodeer.

Jou
vennoot

vir 'n verskeidenheid van
omvattende rekeningkundige
& finansiële dienste

Ons bied die volgende dienste:

- Maatskappy/Besigheid registrasie
- Trust administrasie
- Sekretariële dienste
- Boedelbeplanning en testamente
- Boekhouding
- Bestuurs- en finansiële state
- Belasting dienste



www.bvsa.ltd



info@bvsa.ltd



Vir meer inligting kontak BVSA Regsdienste by joannes@bvsa.Ltd

Vrywaring: Die materiaal vervat in hierdie dokument word slegs voorsien vir algemene inligtingsdoeleindes en mag nie as regsadvies gebruik word nie. Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige verlies of skade wat mag ontstaan as gevolg van afhanklikheid van inligting vervat in hierdie artikel nie.



Dit is vir ons 'n voorreg om BVSA Regsdienste aan u bekend te stel.

Hierdie nuwe uitbreiding in die BVSA groep is teweeggebring vanweë die groot aanvraag na goeie en betroubare regsadvies en –dienste binne die BVSA groep en aan hul kliënte. BVSA Regsdienste is 1 Januarie 2018 op die been gebring en bestaan uit Marguerite Greeff, Jo-Anne Stephanus, Elizabeth Du Toit en Anke Senekal.

'n Bietjie meer oor die span

Aan die hoof van BVSA Regsdienste staan Marguerite Greeff, 'n gekwalifiseerde prokureur, notaris en aktevervaardiger wat die laaste 7 jaar haar eie firma, Greeff Prokureurs, bedryf het. Marguerite het haar regsgraad by die Universiteit van Stellenbosch behaal en daarna haar klerkskap by een van die groot firmas in Kaapstad gedoen. Sy is bekend as 'n spesialis in kommersiële- en kontraktereg asook eiendomsreg en boedelbeplanning. In 2017 is Marguerite verkies deur die Regsvereniging van Suid-Afrika tot die *Significant Leadership Programme*, 'n gesogte prestasie vir prokureurs in Suid-Afrika. Marguerite se kliënte sluit in groot en kleiner ondernemings asook nasionale en internasionale hoë netto waarde individue.

Jo-Anne Stephanus het in 2017 by Greeff Prokureurs begin werk en vorm nou ook deel van die BVSA Regsdienste span. Sy het in 2014 haar LLB-grad behaal aan die Universiteit van die Wes-Kaap waarna sy haar klerkskap by C&A Friedlander voltooi het. Sy is 'n gekwalifiseerde prokureur met heelwat ondervinding en spesialiskennis in eiendomsreg, kommersiële reg, testamente, trusts en menseregte.

Elizabeth Du Toit is 'n bekende gesig in die BVSA familie. Sy het haar regsgraad voltooi aan die Universiteit van Stellenbosch en was vir die laaste jaar in diens van BVSA Adviesdienste. Sy het uitgebreide kennis op die gebiede van maatskappyreg, trusts en testamente. Elizabeth is tans besig met haar klerkskap onder Marguerite Greeff en voeg baie waarde by tot die BVSA Regsdienste span.

Anke Senekal het onlangs haar LLB-grad aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Gedurende haar studies het sy deelgeneem aan 'n Finansiële Geletterdheidsprojek en het opleiding vir Aanbiedingsvaardighede ontvang. Anke het praktiese ervaring opgedoen by die Regshulp kliniek, waar sy kliënte gehelp het in sake wat wissel van egskeidings en gesinsgeweld tot arbeidsreg-geskille en onwettige uitsettings. Anke is tans besig met haar klerkskap as kandidaatprokureur en staan die BVSA Regsdienste span by in al hul bedrywighede.

BVSA Regsdienste bied 'n reeks omvattende dienste aan, insluitende dienste op die volgende gebiede:

- Maatskappyreg
- Komersiële- en kontraktereg
- Eiendomsreg
- Arbeidsreg
- Trusts, testamente en huweliksvoorwaarde kontrakte
- Boedelbereddering
- Regsnakoming en regsoudit verslae

Ons streef daarna om ons kliënte se behoeftes te verstaan sodat ons strategieë kan uitvoer wat hulle vandag en in die toekoms sal bevoordeel. Ons sal u graag van hulp wil wees op hierdie gebied en u laat voordeel trek uit ons kliëntgerigte kundigheid. Ons is reg om u by te staan. Kontak ons gerus vir verdere inligting.

Marguerite Greeff EXT 519 | Elizabeth du Toit EXT 531
Tyger Forum B, 1st Floor, 53 Willie van Schoor Avenue, Bellville, 7530
T: +27 (0)21 914 9604 | E: margueriteg@bvsa.ltd | W: www.bvsa.ltd

BVSA MENSLIKE HULPBRONDIENTE



Gedurende 2016 het BVSA rekenmeesters besluit om 'n interne sentrale menslike hulpbronne afdeling te vestig. Hierdie afdeling spesialiseer in die implimentering van sekere prosesse om die administrasie rondom personeel makliker en meer effektief te maak. Deur prosesse en dokumentasie te standaardiseer sal eenvormigheid binne enige maatskappy bewerkstellig kan word.

Dit is ons voorreg om te kan aankondig dat die volgende dienste vanaf Januarie 2018 aan die publiek bekend gestel gaan word wat dan ook die werwing van potensieële personeel sal behels:

- Advertering van beskikbare vakatures
- Keuring van kandidate & reël van onderhoude
- Opstel van aanstellingsbriewe
- Hersiening van jaarlikse verhogingsbriewe
- Opstel van personeelhandleidings en dissiplinêre kodes
- Implementering van evaluasiesistelsels
- Hantering van betaalstate

 Tyger Forum B, 1st Floor, 53 Willie van Schoor Avenue, Tyger Valley, Bellville, 7530

 021 914 9604

 toinettew@bvsa.ltd

 www.bvsa.ltd

2018 BEGROTINGSHOOGTEPUNTE

INDIVIDUE

Persoonlike inkomstebelasting koers en groepstruktuur

2018		2019	
Belasbare inkomste (R)	Belastingkoerse (R)	Belasbare inkomste (R)	Belastingkoerse (R)
R 0 – R 189 880	18% van elke R 1	R 0 – R 195 850	18% van elke R1
R 189 881 – R 296 540	R 34 178 + 26% van die bedrag bo R 189 880	R 195 851 – R 305 850	R 35 253 + 26% van die bedrag bo R 195 850
R 296 541 – R 410 460	R 61 910+ 31% van die bedrag bo R 296 540	R 305 851 – R 423 300	R 63 853 + 31% van die bedrag bo R 305 850
R 410 461 – R 555 600	R 97 225 + 36% van die bedrag bo R 410 460	R 423 301 – R 555 600	R 100 236 + 36% van die bedrag bo R 423 300
R 555 601 – R 708 310	R 149 475+ 39% van die bedrag bo R 555 600	R 555 601 – R 708 310	R 147 891 + 39% van die bedrag bo R 555 600
R 708 311 – R 1 500 000	R 209 032 + 41% van die bedrag bo R 708 310	R 708 311 – R 1 500 000	R 207 448 + 41% van die bedrag bo R 708 310
R1 500 001 en bo	R 533 625 + 45% van die bedrag bo R 1 500 000	R 1 500 001 en bo	R 532 041+ 45% van die bedrag bo R 1 500 000

2018 Kortings

Primêre korting R13 635
 Sekondêre korting R 7 479
 Tersiere korting R 2 493

Belastingdrempels

Onder 65 jaar R 75 750
 65 jaar en ouer R 117 300
 75 jaar en ouer R131 150

Rentevrystelling

Onder 65 jaar R 23 800
 65 jaar en ouer R34 500

2019 Kortings

Primêre korting R 14 067
 Sekondêre korting R 7 713
 Tersiere korting R 2 574

Belastingdrempels

Onder 65 jaar R 78 150
 65 jaar en ouer R 121 000
 5 jaar en ouer R 135 300

Rentevrystelling

Onder 65 jaar R 23 800
 65 jaar en ouer R34 500

Reistoelaes

Geen aftrekking mag geëis word indien daar nie 'n logboek bygehou word nie. 80% van die belastingpligtige se reistoelaag moet by die werknemer se besoldiging ingesluit word om maandeliks die

Waarde van voertuig R	Vaste koste (R p.j.)	Brandstof (c/km)	Onderhoud (c/km)
0 – 85 000	28 352	95,7	34,4
85 001 – 170 000	50 631	106,8	43,1
170 001 – 255 000	72 983	116	47,5
255 001 – 340 000	92 683	124,8	51,9
340 001 – 425 000	112 443	133,5	60,9
425 001 – 510 000	133 147	153,2	71,6
501 001 – 595 000	153 850	158,4	88,9
Meer as 595 000	153 850	158,4	88,9
Alternatiewe beraamde koste per km (onderhewig aan sekere voorwaardes)		2017 - 2018 355 c/km	2017 - 2018 361 c/km

Gebruik van 'n maatskappymotor

Die % ingesluit by 'n werknemer se belasbare inkomste bly teen 3.5% van die vasgestelde waarde van die voertuig. Waar die voertuig onderhewig is aan 'n onderhoudsplan, is die belasbare waarde 3.25% van die vasgestelde waarde van die voertuig op die tydstip dat die werknemer die voertuig verkry.

80% van die byvoordeel moet ingesluit word in die werknemer se besoldiging vir die doeleindes van LBS-berekening. Die persentasie word tot 20% verminder indien die werkgewer tevrede is dat minstens 80% van die gebruik van die motorvoertuig vir die belastingjaar vir besigheidsdoeleindes sal wees.

Op aanslag word die byvoordeel vir die belastingjaar verminder deur die verhouding van die afstand afgelê vir besigheidsdoeleindes gestaaf deur 'n logboek verdeel deur die werklike afstand gedurende die belastingjaar afgelê.

Op assessering is verdere verligting beskikbaar vir die koste van die lisensie, versekering, instandhouding en brandstof vir privaatgebruik indien die volle koste daarvan deur die werknemer gedra is en as die afstand afgelê vir privaatdoeleindes gestaaf is deur 'n logboek.

Aftredefonds-bydraes

Bedrae bygedra tot pensioen-, voorsorg- en uittredingsannuïteitfondse gedurende 'n jaar van aanslag is beperk tot 27.5% van die groter besoldiging vir LBS doeleindes of belasbare inkomste (beide sluit aftrede enkelbedrae en skeidingspakket-voordele uit). Die aftrekking is beperk tot 'n maksimum van R 350 000.

Mediese uitgawes

In die vasstelling van belasting betaalbaar, word individue toegelaat om die volgende af te trek:

Maandelikse bydraes tot mediese skemas ('n belastingkorting verwys as 'n mediese skema foie belasting krediet) tot R310 vir die individu wat die bydraes betaal en die eerste afhanklike op die mediese skema en R209 vir elke bykomende afhanklike en in die geval van:

- Belastingpligtiges 65 en ouer, of indien daardie persoon, sy of haar gade of kind gebore is met 'n gestremdheid, 33.3% van kwalifiserende mediese uitgawes betaal en gedra word deur die individu en 'n bedrag waarmee mediese skema-bydraes betaal word deur die individu 3 keer die mediese skema bydraes betaalbare belasting krediete vir die belastingjaar oorskrei;
- Enige ander belastingpligtige, 25% van 'n bedrag gelykstaande aan kwalifiserende mediese uitgawes betaal en gedra word deur die individu en 'n bedrag waarmee mediese skema-bydraes deur die individu betaal 4 keer die mediese skema betaalbare belasting krediete vir daardie belastingjaar oorskrei, beperk tot die bedrag wat 7.5% van belasbare inkomste (uitgesluit aftredefonds-enkelbedrae en skeidingsvoordele) oorskry.

Aftree enkelbedragvoordele of skeidingsvoordele**2018**

0 – 500 000	0% van belasbare inkomste
500 001 – 700 000	18% van elke R bo R 500 000
700 001 – 1 050 000	36 000 + 27% van elke R bo R 700 000
1 050 001 en meer	130 500 + 36% van elke R bo R 1 050 000

2019

0 – 500 000	0% van belasbare inkomste
500 001 – 700 000	18% van elke R bo R 500 000
700 001 – 1 050 000	36 000 + 27% van elke R bo R 700 000
1 050 001 en meer	130 500 + 36% van elke R bo R 1 050 000



MAATSKAPPYE

Maatskappybelastingstariewe

	2017\2018	2018\2019
Normale inkomstebelasting	28 %	28 %
Indiensnemingsmaatskappy	28 %	28 %
SA takke van buitelandse maatskappye	28 %	28 %
Dividende belasting	20 %	20 %

Kleinsake korporasies

Die inkomstebelastingskoerse is as volg:	2017\2018	2018\2019
0 – R 75 750	0 %	
R 75 751 – R 365 000	7 %	
R 365 001 – R 550 000	21 %	
R 550 00 en meer	28 %	

0 – R 78 150	0% van belasbare inkomste
R 78 151 – R365 000	7% van belasbare inkomste bo R 78 150
R 365 001 – R 550 000	0 080 + 21% van belasbare inkomste bo R 365 000
R 550 001 en meer	58 930 + 28% van belasbare inkomste bo R 550 000

Mikro besighede

2018	
Omset	Belastingaanspreeklikheid
0 – 335 000	0 %
335 001 – 500 000	1% van elke R bo R335 000
500 001 – 750 000	1 650 + 2% van elke R bo R 500 000
750 001 en bo	6 650 + 3% van elke R bo R 750 000

2019	
Omset	Belastingaanspreeklikheid
0 – 335 000	0 %
335 001 – 500 000	1% van elke R bo R335 000
500 001 – 750 000	1 650 + 2% van elke R bo R 500 000
750 001 – 1000 000	6 650 + 3% van elke R bo R 750 000

BTW

BTW word gehef op die standaard-koers van 15% op die verskaffing van goedere en dienste deur geregistreerde verskaffers.

Die jaarlikse omsetkerf vir verpligte BTW-registrasie bly op R1 miljoen.

'n Ondernemer wat belasbare voorrade maak van meer as R50 000 maar nie meer as R1 miljoen per jaar nie, kan aansoek doen vir vrywillige registrasie.

SKENKINGSBELASTING

Die jaarlikse skenkingsbelasting-vrystelling vir natuurlike persone is onveranderd op R100 000 en die koers bly 20%.

Waar die skenkingsbedrag R30 miljoen oorskry, sal die koers verander na 25%.

BELASTING OP KAPITAALWINS

Maksimum effektiewe koers van belasting:	
Individue en spesiale trusts	18 %
Maatskappye	22 %
Ander trusts	36 %

Die uitsluitingsdrempel vir kapitale winste en verliese vir individue en spesiale trusts bly op R 40 000.

Die jaarlikse uitsluiting vir individue in die jaar van dood bly op R 300 000. Die primêre woning-uitsluiting vir individue is R 2 miljoen.

Die kapitaalwins-uitsluiting by beskikking van 'n kleinbesigheid wanneer 'n persoon minstens 55 jaar oud is, sal bly op R 1 800 000 wanneer die markwaarde van die aktiewe bedryfsbates nie R 10 000 000 oorskry nie.

DIVIDENDE BELASTING

Dividende wat deur individue vanaf Suid-Afrikaanse maatskappye ontvang word, word belas teen 'n koers van 20% wat deur die entiteite wat die dividende aan die individue betaal, weerhou is.



BOEDELBELASTING

Boedelbelasting word gehef teen 'n koers van 20% op die eerste R30 miljoen en teen 'n koers van 25% bo R30 miljoen op eiendom van inwoners en Suid-Afrikaanse eiendom van nie-inwoners. 'n Basiese aftrekking van R 3.5 miljoen word toegelaat in die bepaling van 'n boedel se aanspreeklikheid vir boedelbelasting aook aftrekkings vir laste, bemakings aan openbare weldadigheidsorganisasies en eiendom wat toeval aan oorlewende gades.

SEKURITEITE OORDRAGBELASTING

Belasting is opgelê teen 'n koers van 0,25 van 'n persent op die oordrag van genoteerde of ongenoteerde sekuriteite. Sekuriteite bestaan uit aandele in maatskappye of lede se belange in beslote korporasies.

VRYWARING

Boshoff Visser aanvaar geen aanspreeklikheid hoegenaamd vir enige verliese, skade of koste aangegaan wat mag ontstaan as gevolg van inligting in hierdie dokument gepubliseer. Skakel asseblief met enige van die direkteure van Boshoff Visser voordat enige besluite geneem word rakende inligting gepubliseer.

OORDRAGBELASTING/HEREREGTE

Oordrag-pligkoerse verander vir die 2018-belastingjaar teen die volgende koerse:

Eiendom se waarde	Koers
0 – 900 000	0
900 001 – 1 250 000	3% van elke R bo R 900 000
1 250 001 – 1 750 000	10 500 + 6% van elke R bo R 1 250 000
1 750 001 – 2 250 000	40 500 + 8% van elke R bo R 1 750 000
2 250 001 – 10 000 000	80 500 + 11% van elke R bo R 2 250 000
10 000 001 en bo	933 000 + 13% van elke R bo R 10 000 000

